# BA Beeldende Kunste (01130103)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 4 jaar |
| **Totale krediete** | 486 |
| **Kontak** | Dr A Sooful avi.sooful@up.ac.za +27 (0)124203111 |

## Programinligting

Die program fokus op die hoofdissiplines in die beeldende kunste, nl skilder-, beeldhoukuns, grafiese drukkuns, tekenkuns en nuwe media, sowel as op die teorieë en konsepte van kuns. Kandidate kwalifiseer as professionele kunstenaars. Die program is gerig op die bevordering van 'n estetiese bewussyn binne die gemeenskap en die uitbouing en verdieping van visuele, kritiese en kreatiewe denke. Die program inkorporeer ook kunsbestuur, kunskommunikasie en -bemarking, digitale opleiding en die gebruik van 'n wye verskeidenheid van materiale, media en tegnieke.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Junie jaarliks

## Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Kandidate wat voldoen aan die minimum vak- en prestasievereistes sowel as die TPT-vereistes van hierdie programme sal in die programme geplaas word, onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke. Bogenoemde is nie van toepassing op keuringsprogramme nie.
- Om toelating te behou, sal daar van leerders verwag word om ? TPT van ten minste 28 in Graad 12 te behaal.
- Lewensoriëntering word uitgesluit wanneer die TPT bereken word.?

| **Minimum vereistes** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Prestasievlak** | | | | **TPT** |
| **Afrikaans of Engels** | | | | |
| NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 30 |

## Addisionele vereistes

Departementele keuring is nodig om vir hierdie program te kan registreer. Alhoewel kuns as Graad 12-vak nie 'n vereiste is nie, moet 'n kandidaat sy/haar kreatiewe potensiaal en toewyding tot die gekose veld van studie demonstreer ten einde te oorweeg te word vir die merietekeuring. Daar word derhalwe van kandidate verwag om 'n portefeulje van werk voor te lê vir meriete keuringsoorweging en, indien uitgenooi, om 'n reeks toelatingsprosesse deur te gaan, sowel as om 'n onderhoud te voer met 'n keuringspaneel. Kontak die koördineerder in hierdie verband. 'n Student wat hierdie program kies, moet gedurende die derde en vierde studiejare ses weke indiensopleiding, wat deur die koördineerder goedgekeur is, voltooi.

## Ander programspesifieke inligting

Studente wat nie in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is nie, word vrygestel van VAG 110 en VAG 125.

## Bevordering tot volgende studiejaar

- Om tot die tweede studiejaar bevorder te word, moet 'n student die volgende modules slaag: BKK 100, VIT 100, VKK 111, 121 en 123.
- Om tot die derde studiejaar bevorder te word, moet 'n student al die kernmodules vir die tweedejaar voorgeskryf, slaag.
- Om tot die vierde studiejaar bevorder te word, moet 'n student al die kernmodules vir die derdejaar voorgeskryf, slaag.

Afwyking van hierdie bevorderingsvereistes mag deur die Dekaan op aanbeveling van die departementshoof goedgekeur word.

## Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat minstens 75% in BKK 400 en VKK 401 behaal.

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 138**

To be promoted to the second year of study, a student should pass the following modules: BKK 100, VIT 100, VKK 111, 121, and 123.

## Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101) - Krediete: 6.00
Akademiese geletterdheid 110 (ALL 110) - Krediete: 6.00
Akademiese geletterdheid vir Geesteswetenskappe 125 (ALL 125) - Krediete: 6.00
Akademiese oriëntasie 101 (UPO 101) - Krediete: 0.00
Visuele kultuurstudies 111 (VKK 111) - Krediete: 12.00

## Kernmodules

Beeldende kunste (1) 100 (BKK 100) - Krediete: 36.00
Professionele kunspraktyk (1) 100 (VIT 100) - Krediete: 36.00
Visuele kultuurstudies 121 (VKK 121) - Krediete: 12.00
Visuele kultuurstudies 123 (VKK 123) - Krediete: 12.00

## Keusemodules

Afrikaans 110 (AFR 110) - Krediete: 12.00
Afrikaans 120 (AFR 120) - Krediete: 12.00
Antropologie 110 (APL 110) - Krediete: 12.00
Antropologie 120 (APL 120) - Krediete: 12.00
English 110 (ENG 110) - Krediete: 12.00
English 120 (ENG 120) - Krediete: 12.00
Filosofie 110 (FIL 110) - Krediete: 12.00
Filosofie 120 (FIL 120) - Krediete: 12.00
Godsdiensstudies 110 (REL 110) - Krediete: 12.00
Godsdiensstudies 120 (REL 120) - Krediete: 12.00
Sielkunde 110 (SLK 110) - Krediete: 12.00
Sielkunde 120 (SLK 120) - Krediete: 12.00

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 120**

To be promoted to the third year of study, a student should pass all the core modules prescribed for the second year of study.

## Kernmodules

Beeldende kunste (2) 200 (BKK 200) - Krediete: 40.00
Professionele kunspraktyk (2) 200 (VIT 200) - Krediete: 40.00
Visuele kultuurstudies 211 (VKK 211) - Krediete: 20.00
Visuele kultuurstudies 221 (VKK 221) - Krediete: 20.00

# Kurrikulum: Jaar 3

**Minimum krediete: 120**

To be promoted to the fourth year of study, a student should pass all the core modules prescribed for the third year of study.

## Kernmodules

Beeldende kunste (3) 300 (BKK 300) - Krediete: 45.00
Professionele kunspraktyk (3) 300 (VIT 300) - Krediete: 45.00
Visuelekultuurstudies 311 (VKK 311) - Krediete: 30.00

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 120**

## Kernmodules

Beeldende kunste (4) 400 (BKK 400) - Krediete: 60.00
Navorsing: Beeldende kunste 401 (VKK 401) - Krediete: 60.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.